SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 5 DESEMBER 2021

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit, stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

DIE NARS SLUIT OOR DIE VAKANSIETYDPERK

DIE RAAD SE STRATEGIESE VERGADERING

en

DIE DESEMBER RADIO ZS BESKIKBAAR OM AF TE LAAI

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

DIE NARS SLUIT OOR DIE VAKANSIETYDPERK

Die SARL-kantoor by die Nasionale Amateurradiosentrum sluit Woensdagmiddag 15 Desember 2021 vir die Kersvakansie en heropen weer op Woensdag 12 Januarie 2022.

DANKIE DAT JY 'N VRYWILLIGER IS

Vandag Sondag 5 Desember is Internasionale Vrywilligersdag. Vrywilligers gee mildelik hul tyd en toewyding net om nie-winsgewende en liefdadigheidsorganisasie-geleenthede of programme vlot te laat verloop.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga is afhanklik van vrywilligers om die daaglikse werk van die organisasie te doen. Of dit nou lid is van 'n Klubkomitee, RAE-dosent, opsiener, assessor, herhaler bewaarder, bulletin leser, nuusbrief redakteur, snuffelmark verkoper, lid van 'n werkgroep, mentor vir 'n jong radio amateur, Klub-nutsman, ens., ens. Wees verseker dat die Raad, wat ook vrywilligers is, jou onbaatsugtige poging en die belangrike rol wat jy vir die SARL en Amateur radio in Suid-Afrika speel, waardeer. Dankie, jy is 'n ster!

DIE RAAD SE STRATEGIESE VERGADERING

Die SARL Raad het op Vrydag 26 en Saterdag 27 November by die NARS vergader vir die einde van die jaar se strategiese vergadering. Daar is besluit dat die 2022 SARL Nasionale Konvensie op Saterdag 23 April 2022 as 'n virtuele geleentheid sal plaasvind. Ons weet nie wat die pandemie vir 2022 beplan nie.

Die sluitingsdatum vir SARL-toekennings-benoemings, mosies en nominasies om op die Raad te dien, is Maandag 31 Januarie 2022 middernag en moet gestuur word aan secretary@sarl.org.za.

Willem Weideman, ZS6X het uitgetree as die SARL QSL Bestuurder na 19 jaar diens en Gert du Plessis, ZR6GRT is aangestel as die SARL QSL Bestuurder. Johan van Aarde, ZS2I het uitgetree as die ZS1, ZS2 en ZS5 sub-bestuurder. Abe Swiegelaar, ZS1ZS is aangestel as die nuwe sub-bestuurder vir hierdie 3 roep-areas. Dennis, ZS4BS gaan voort as die ZS3 en ZS4 sub-bestuurder. Baie dankie Willem en Johan vir julle puik werk!

Andy Cairns, ZS6ADY is aangestel as 'n Forum Moderator. Verdere het die Raad 'n opgradering aan die DMR Brandmeister Bedienergasheer goedgekeur. Die Raad bedank ook die komitee van die Wesrand ARK vir Vrydagaand se aandete.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

DIE DESEMBER RADIO ZS BESKIKBAAR OM AF TE LAAI

Die Desember 2021-uitgawe van Radio ZS is beskikbaar vir aflaai vanaf die Liga-webwerf. Lees die President se boodskap vir die feestyd en Johan, ZU3JO vertel jou hoekom hy op die voorblad is! Ons kyk na die Inligtings-program vir Gestremde Radio Amateurs en die wydlopende agenda wat die IARU Administratiewe Raad tydens 'n virtuele vergadering bespreek het. Die Sandton ARK vertel van hul jakkalsjag middag, terwyl die graad 6-leerlinge van Prieska met ZS3ZU op die lug was. Ons kyk ook na die 3DA0WW eSwatini 2021 DXpedisie en die BACAR-9 Ballon jag op 30 Oktober 2021. En meer in hierdie uitgawe van 72 bladsye.

KOMPETISIE NUUS

Die ARRL 10 meter-kompetisie sal op die lug wees vanaf 00:00 UTC op Saterdag 11 Desember tot 23:59 UTC op Sondag 12 Desember, maar jy mag slegs 36 uur uit die 48 uur werk. Die doel is om soveel as moontlik stasies op 10 meter te werk deur ESB en GG te gebruik. Die uitruiling vir ZS-stasies is 'n RS- of RST-verslag en 'n reeksnommer, terwyl stasies in die VSA, Kanada en Mexiko 'n RS of RST en hul staat of provinsie sal gee. Vind die reëls op http://www.arrl.org/10-meter.

Drie-en-twintig logstate is ontvang vir die sesde en laaste been van die SARL Woensdag 80 m Klub Naelloop. Beurtkrag het wel 'n rol gespeel!

1ste die Wesrand ARK – 572 punte

2de die Noord-Kaap ARK – 465 punte

3de die Pretoria ARK – 93 punte

Individue

1ste Gerhard, ZS3TG - 106

2de Hans, ZS6KR - 93

3de Phillip, ZS6PVT - 87

Na die ses bene

1ste die Wesrand ARK – 3 554 punte

2de die Boland ARK - 1 439 punte

3de die Noord-Kaap ARK – 994 punte

Individue

1ste Romeo, ZS6ARQ – 468 punte

2de Hans, ZS6KR - 438 punte

3de Phillip, ZS6PVT - 350 punte

Die uitslae van die SARL BHF/UHF ESB komptisie is vrygestel.

1ste Carl Minne, ZS6CBQ – 7 513 punte

2de Christo Greyling, ZR6AUI – 6 340 punte

3de Kobus Boshoff, ZS6BOS - 1 463 punte

Die uitslae van beide bene van die kompetisie

1ste Carl Minne, ZS6CBQ – 54 888 punte

2de Christo Greyling, ZR6AUI – 54 718 punte

3de Pierre Lindeque, ZS4PF (SK) – 25 222 punte

Agt logstate is ontvang vir die SARL Newbie-kompetisie wat op Saterdag 20 November 2021 gehou is.

1ste Errol Holder, ZS6EH – 219 punte

2de Pieter Nel, ZS3PN – 180 punte

3de Chris Avenant, ZS6CPA – 179 punte

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan wees. Tans is daar twee sonvlekgroepe sigbaar en daar is 'n geringe moontlikheid van laevlak sonfakkels. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van 12 vir die week gebruik. Radio amateurs kan veral laatmiddag DX openinge op die 15 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die dagboek van gebeure vir die volgende paar weke:

Vandag - Internasionale Vrywilligersdag

11 en 12 Desember – die ARRL 10 meter kompetisie

16 Desember – die Dag van Versoening

21 Desember – die Somersonstilstand om 17:59 SAT

21 en 22 Desember – die Ursids-meteoorbuie

25 Desember – Kersdag

26 Desember – Familiedag

27 Desember – openbare vakansiedag

31 Desember – die einde van YOTA Maand, die CQ DX Marathon en die Bands Alive Ultra-Marathon

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Die SARL-kantoor by die Nasionale Amateurradiosentrum sluit Woensdagmiddag 15 Desember 2021 vir die Kersvakansie en heropen weer op Woensdag 12 Januarie 2022.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, geskryf en geredigeer deur Dennis Green, ZS4BS en gelees deur .....

Van die Nuusspan, die beste wense vir die week vorentoe.